

25 April

Deuteronomium 30: 1-20

(Teks: 30:19b, 20a)

Kies die ware lewe

Keuses maak is deel van elke dag se lewe. Ons keuses word beïnvloed deur dinge wat ons sien en die mening van die massa. Dit bring vrees en onsekerheid mee want die mens is verganklik. By God alleen is daar ware lewe.

Dit leer ons uit die geskiedenis van Israel. Hulle moet die land Kanaän intrek, maar eers wys Moses weer terug in die geskiedenis. Die volk moet uit die geskiedenis leer dat wanneer daar nie met God geleef is nie, dinge skeef loop. Daarom spoor hy die volk aan om as verbondskinders te leef. Hulle moet die lewe kies. En om die lewe te kies beteken:

- Jou lewe is geanker in God
- Jy het God lief met jou hele lewe en wese
- Jy gehoorsaam God alleen.

As hulle die verbondsband met God verbreek, dan beteken dit dat hulle die lewensaar afsny. Dan kan daar nie lewe wees nie, want God, die Verbondshoof, is die Bron van die lewe.

God het in Christus vir ons die oorwinning gegee; Hy is die Weg, die Waarheid en die Lewe. In gehoorsaamheid aan die Woord kan ons in 'n deurmekaar wêreld, in 'n land met politieke onsekerheid koers hou, want ons koers is vas in Jesus Christus. Dan sal die uitsprake van mense ons nie verwar nie, want die waarheid van die Woord openbaar die leuen aan ons. Deur die verliggende werk van die Heilige Gees kan ons keuses uitoefen waarin God die eer kry.

Lewe in die ware, volle sin van die woord is alleen in gemeenskap met Hom, die Almagtige Verbondsgod, wat in Christus die lewe in oorfloed gegee het. Ken Hom, dien Hom en lewe in volle vreugde onder alle omstandighede.

Sing Skrifberyming 43:4 en 5

Ds. T.C. de Klerk (Vryheid)